

31 Augustus

Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11 (OAV)

Fokusgedeelte: Romeine 5:3-5 (OAV)

God beproef sy eie werk

Ons mag die ongelooflike glo. Dit wat vir die in-sonde-gevallige mens ondenkbaar en onvoorstelbaar is, is vir die verlore kind van God 'n werklikheid.

Watter ongelooflike heerlikheid mag ons glo? Dat Christus op die regte tyd vir goddelose mense sterwe. Sodoende maak Hy ons sy mede-erfgename, kinders van God. God maak om Christus wil 'n enorme groot belegging in elkeen van sy uitverkore kinders. Met daardie belegging is God elke dag aan die werk. Soms plaas Hy die belegging onder druk. Hy bring beproewinge oor sy kinders. Hy laat die wolke dik saampak en beskik gebeurde en dinge wat ons nie sou verkies om te hê nie. Maar so werk die Vader met sy kosbare belegging in die klei-erdepotte. Die liefde wat Hy in ons harte uitstort, vermeerder Hy deur dinge weg te vat wat die liefde kan laat afkoel.

Is dorings en bossies deel van ons bestaan? Tref die een ding na die ander 'n mens? Wees dan in geloof daarvan oortuig dat God sy werk in ons nie laat vaar nie. Die geloof wat Hy in sy kinders werk, hou Hy in stand. Dit is 'n belofte. En sy beloftes kom altyd uit.

Sing: Psalm 138:4 (Totius)

Dr. GJ Meijer (Oos-Moot)